


**Bybelstudie - Week 1:**
**Om eerlik te wees oor waar jy nou is...**

*Met hierdie reeks wil ons jou uitdaag om hard en eerlik sake in jou lewe in die oë te kyk en dapper genoeg te wees om jouself uit te daag om dieper te groei...*
**2 Timoteus 1:7** – *"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."*
**Josua 1:9** – "*Wees sterk, wees vasberade (dapper). Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."*

### *Inleiding (welcome)*

Die somer in Suid-Afrika is gekenmerk deur 'n geweldige droogte. Waterbronne en –reserwes was op die meeste plekke feitlik totaal uitgeput. Die droogte en gepaardgaande hitte was vir die meeste mense en diere 'n baie groot uitdaging. Almal weet dat ons nie sonder water kan oorleef nie.

Kyk na die volgende **video clip om iets van hierdie droogte te verduidelik**.
https://www.youtube.com/watch?v=MPb1s68_HMQ

***Hoe het die droogte in Suid Afrika jou en jou mense geraak?***

***Watter droogte is in jou siel?*** (*gee tyd vir stilte vir elkeen om hierdie vraag in stilte oor na te dink...)*

**Bid eers saam** voordat julle saam uit die Woord lees

### Wat sê die Woord: Lees **Johannes 4:1-26, 39-42**

1. Wat het jou getref met die eerste lees van hierdie gedeelte? (*Gee vir elkeen kans om baie kort te noem wat hulle getref het. Vra ook, hoekom het dit jou getref?)*

2. Wat doen Jesus **om naby aan hierdie vrou te kom**?
   - **v 6-7**
   - **v 10, 13-14**
   - **v 16-18**
   - **v 26**

3. Waarom dink julle het hierdie vrou allerhande **verskonings en argumente** gehad? Kyk weer na **v 9, 11, 12, 17, 19-20.**
4. Jesus is **nooit bang om eerlik met mense te wees nie**. Hy huiwer nooit om mense te konfronteer met dit wat nie reg is in hulle lewens nie.  Hoekom dink julle doen Jesus dit?  Hoekom doen Hy dit vandag nog met ons?  (*leidraad: dink aan wat sy aanbod aan hierdie vrou is...)*

5. Die verhaal van Jesus en die Samaritaanse vrou is **op baie vlakke ook waar van ons eie lewens**.

   Ons is ook dors – fisies en geestelik (v 13-15)...

   *Waarvoor is jy dors?*

   Ons hou nie daarvan dat Jesus ons konfronteer met wat nie reg is in ons lewens nie (v 16)...

   *Wat is op hierdie oomblik nie reg in jou lewe nie?*

   Ons gee ook voor en probeer Hom en ander met allerhande argumente 'n arm-lengte van ons af weghou (v 11-12 en v 19-22)...

   *Watter verskonings en argumente het jy?*

   Maar ons sal moet eerlik wees met onsself waar ons op ons pad met die Here is, waar ons op die oomblik in ons lewens is, want eers dan kan ons groei. Eers as jy weet hoe dors jy is, weet jy hoe nodig jy water het!!

## Aanbidding, toewyding (Worship)

Om eerlik te wees **moet jy bereid wees om dapper genoeg te wees om God toe te laat** om ook vir jou te wys wat

(1) jou dors is,
(2) nie reg is in jou lewe nie en
(3) watter verskonings jy het.

Gee aan elkeen in die groep die geleentheid om in stilgebed die Here te vra om met hierdie 3 sake hard en eerlik in ons lewens te werk.  ***Die uitdaging is om die Here nou daarmee te vertrou. Is jy dapper genoeg daarvoor?***

## Om te gaan doen (Works):

- As jy dapper genoeg is om eerlik met die Here te wees – dra jou **wristband** – en gee vir die groep jou rede waarom jy dit gaan doen

- Dalk het die Skrifgedeelte en die Heilige Gees  jou **uitgedaag om in hierdie week 'n spesifieke saak in jou lewe aan te spreek**:  deel dit met die groep as jy die vrymoedigheid het sodat julle vir mekaar kan bid

- Doen **week 1 van die BRAVE 40 days**

- Besluit hoe julle as **groep** mekaar hierin kan help